NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!

Mnr.Wally Janse van Rensburg



Na hierdie week is daar nog 2 weke oor voordat die **eksamen** vir die Gr. 4-7 leerders op **Vrydag 6 November 2026** begin. Die leerders het ook hierdie week die **afbakenings** vir die eksamen ontvang. Begin vroegtydig voorberei en vra as daar enige onduidelikhede is.





Graag deel ons met u die volgende stuk van Helena Smith:

FLOREER JOU KINDERS IN ’N ATMOSFEER VAN VREDE IN JULLE HUIS?



NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

In vandag se besige en veeleisende wêreld ervaar kinders baie druk. Skool, vriendskappe, sosiale media, verwagtinge en talle buitemuurse aktiwiteite kan hulle oorweldig en uitgeput laat voel. As Christenouers het ons die geleentheid om ons huis ’n toevlug en veilige hawe te maak waar ons kinders vrede, warmte, aanvaarding en liefde kan ervaar.

Sien jou kinders uit na die warm atmosfeer tuis wanneer hulle in die middag ná skool die voordeur oopmaak? Weet hulle dat hulle nou ’n plek binnegaan waar hulle waardeer word en waar daar na hulle geluister word? ’n Christenhuis behoort ’n plek te wees waar daar oorvloedige genade is en waar foute met leiding eerder as met harde veroordeling hanteer word.

Elke gesin ervaar soms konflik. Dit is egter baie belangrik hoe die konflik hanteer word. Jakobus 1:19 gee vir ons raad in hierdie verband: Julle moet ander mense ’n kans gee om te sê wat hulle op die hart het. Luister rustig na hulle sonder om hulle te wil doodpraat. Wanneer daar konflik is, moet ouers met nederigheid en respek kommunikeer en vergifnis betoon. As kinders sien dat ouers eerder versoening nastreef as om argumente te wen, leer hulle van die mooiheid van Christelike verhoudings.

Sommige gesinne staar bykomende uitdagings in die gesig. Dalk dien een van die ouers nie die Here nie, en dit kan die geestelike atmosfeer in die huis ontwrig. In sulke gevalle speel die gelowige ouer ’n belangrike rol. Moenie met kritiek of frustrasie reageer nie. Wees eerder die gom wat die gesin deur geduld, gebed, sagmoedigheid en liefde bymekaar hou.

As jou wederhelfte soms vir lang tye weens werk van die huis afwesig is, dra jy outomaties ’n swaarder las. Vra God vir wysheid, krag en die vermoë om hierdie groot taak te hanteer. ’n Stabiele, liefdevolle atmosfeer kan steeds floreer as Jesus die middelpunt van die huis is.

Die belangrikste is dat ouers daagliks vir hulle gesinne en huise moet bid. Bid dat God se vrede elke vertrek sal vul, vir die beskerming van jou kinders en vir wysheid in hulle opvoeding. ’n Christenhuis wat vol vrede is, word nie net deur menslike moeite opgebou nie, maar deur God se teenwoordigheid. Wanneer Jesus elke dag in ons huis verwelkom word, verander Hy dit in ’n plek van toevlug met ’n atmosfeer waarin kinders kan floreer.

“Die beste versiering vir ’n huis is ’n atmosfeer van vrede.” (Anoniem)

Geskryf deur Helena Smith

NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD





RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Kunsuitstalling

Belangrike inligting

- Daar sal **kaartjies by die deur** te koop wees. Slegs kontant of EFT-opsie beskikbaar.
- Gaste mag op die **rugbyveld parkeer**.
- Die **hek in Millburnstraat** sal vanaf 15:30 oop wees.
- Die saal se deur sal 16:00 oopmaak.
- Die foto's van die **Fotokompetisie** gaan ook by die Kunsuitstalling uitgestal word.
- Die **wenners** sal tydens die geleentheid aangewys word. Pryse word ook dan oorhandig.
- Die **BrewBin** se koffiekarretjie gaan by die uitstalling wees.

NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

KRIEKET



NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

NETBAL



NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

KULTUUR




NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

KOOR

Stuur asseblief alle **koor-onderbaadjies** terug skool toe.





Ons laaste optrede sal in blou denims en Ryniedrag hempies wees. Dit vind op Saterdag, 31 Oktober by die NG Kerk Rynfield plaas tydens hul 70ste bestaansjaarvieringe. Vir meer besonderhede hou ons Whatsappgroep dop.



NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

H/S BRANDWAG

Toneeloudisies 2027

24 EN 25 NOVEMBER 2026
H/S BRANDWAG SKOOLSAAL
14:00

3 Tonele
18 Karakters



BEREI 'N MONOLOOG VOOR VAN 90 SEKONDES (ENIGE GENRE).
INDIEN JY 24 OF 25 NOVEMBER GEKIES WORD VIR DIE TONEEL SAL JY 27 NOVEMBER WEER HIER MOET WEES OM 13:00 VIR 'CALLBACKS'

Slegs vir Graad 7's wat in 2027 in Brandwag gaan wees.



Kultuurgroete.
Juf, Coffey

Stuur gerus enige navrae na
kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za

NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Liewe Rynie

Oktober is Biblioteekmaand en ons vra julle hulp asseblief. Ons het verlede jaar ‘n splinternuwe biblioteek by ons skool begin, maar hy is nog nie eksie perfeksie nie. Daarom vra ons dat julle alle boekies wat julle nie meer by die huis lees nie vir die biblioteek sal skenk.

Vra asseblief eers jou ouers se toestemming. Alle boekies kan na Juffrou Marlize se klas toe gestuur word. Baie dankie vir julle bereidwilligheid.

Liefde
Juffrou Marlize





NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

SNOEPIE SPYSKAART

Maandag, 26 Oktober	Gesondheidsbroodjies
Dinsdag, 27 Oktober	Nuggets + chips
Woensdag, 28 Oktober	French toast
Donderdag, 29 Oktober	Hoenderburgers
Vrydag, 30 Oktober	Pizza, chips + roomys (Laaste combo vir 2026)

NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

SEKURITEIT

Die weerlig het vir ‘n 2de keer die gesigskandeerder raak geslaan en daarom is die hek tans buite werking. Ons versoek dus dat u asb. u kind/ers sal uitteken op die registers tot en met die hek herstel is. Ons waardeer u samewerking in die verband.

EKSAMEN

Die eksamen begin amptelik op 6 November vir Graad 7 en 9 November vir graad 4-6. Leerders het vroeër hierdie week afbakenings ontvang en hulle kan begin leer. Leerders moet asb. elke dag hul leerwerk inpak, sodra hul huiswerk afgehandel is, begin hulle leer.

EKSTRA STUDIEKLASSE

Daar sal ekstra studieklasse beskikbaar wees vir leerders wat belangstel.
Dit begin Maandag, 26 Oktober.
·Waar: Pienk klas (Juf. Carin Botha se klas)
·Wanneer: Maandae – Donderdae
·Tyd:16:00 – 16:45
·Tannie Lucinda hou toesig.



!!!NEEM KENNIS!!!
Leerders wat belangstel moet skriftelik toestemming vanaf ouers vir Me. Ronel Fourie gaan gee. Leerders wat die klas ontwrig sal onmiddelik verskoon word.

KERSPARTYTJIE

-6 November.
-Slegs ingeskrewe leerders van Laerskool Rynfield se naskool.
-Geen dagbesoeke.
-Hou die nuusbrief/whatsapp groep volgende week dop vir meer inligting.

NASKOOL SPYSKAART

DATUM	ETE	15:45 - 16:00
Maandag, 26 Oktober	Macaroni & kaas	Vrug & sap
Dinsdag, 27 Oktober	"Slaptjips”	Vrug & sap
Woensdag, 28 Oktober	"Russians”, kapokaartappels en groente	Vrug + sap
Donderdag, 29 Oktober	Geroosterde broodjies	Vrug + sap
Vrydag, 30 Oktober	"Simba-chip-broodjie”	Vrug + sap

NUUSBRIEF 35 VAN 2026 *22 Oktober 2026*

TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD



W JANSE VAN RENSBURG

SKOOLHOOF

ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

